

6 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 18:1-8

Fokusgedeelte: Lukas 18:1

Hou aan bid

Daar was 'n regter, so lui Jesus se gelykenis, wat geen eerbied vir God of agting vir enige mens gehad het nie, 'n hardvotige man dus. In dieselfde stad het 'n weduwe gewoon, hulpeloos uitgelewer aan mense wat haar verontreg het. Sy het hulp by die regter gesoek. Natuurlik het hy geen ontsag vir haar gehad nie en hom nie aan haar gesteur nie. Hy het in werklikheid meegedoen aan die onreg wat teen haar gepleeg is. Die weduwe het egter aangehou om die regter te vra. Ná verloop van tyd het hy wel na haar geluister en aan haar versoek voldoen.

Met hierdie gelykenis leer die Here Jesus ons om gelowig aan te hou bid. En hoe belangrik is hierdie onderrig nie. Gelowiges kry in hierdie stukkende wêreld dikwels baie swaar deur allerhande beproewinge. Onder hierdie beproewinge nader ons tot God in gebed. Kom daar gou uitkoms, vertel ons vir ander hoe bly en dankbaar ons is. Maar ... kom daar nie gou genoeg uitkoms na ons sin nie, word selfs gelowiges dikwels moedeloos en voel ons "of ek teen die plafon vasbid".

Juis vir 'n gelowige met hierdie twyfel in die gemoed, het Christus dié gelykenis vertel. Hy maak 'n skerp teenstelling tussen die regter wat niks omgee nie en God wat ons so liefgehad het dat Hy sy Seun vir ons gegee het. As die hardvotige regter uiteindelik aan die weduwe se versoek voldoen het, omdat sy so volhard het om te vra, sal God, wat in Christus ons liefdevolle en genadige Vader is, ons gebede ook verhoor.

Glo daarom in God. Hy is getrou. Hy sal uiteindelik ons gelowige gebede volmaak verhoor wanneer sy Seun weer kom. Moet daarom nie moedeloos word nie. Die Heilige Gees gee jou die geloof om aan te hou bid.

Sing: Psalm 33:11 (Totius)

Ds. PJ Nel (Akasia)